# Bietjie soos Roald Dahl

## *Bisar, maar uitsonderlik*

**Maryke Roberts**

MESSE in henne in die Vredestraat-sportterrein is een van daardie vertonings wat jou kop oopblaas vir die moontlikhede van teater - in hierdie geval buiteteater - maar nietemin teater.

Dit wys ook dat kinderlike begrippe en taal nie noodwendig vir kinders bedoel is nie, maar doodluiters die diepste, dierlike emosies van mense kan opsom.

Die feesgids lys dit as drama met die volgende beskrywing: “Die Nederlandse toneelgroep, De Appel, sorg vir ’n verruimende buitelugteater-ervaring soos min. ’n Jong boer en sy boerin ken geen ander taal as dié van die natuur nie. Op ’n dag moet sy die meulenaar besoek - iets waarvoor sy bitterlik bang is, want die mense sê hy het magiese kragte. Die enigste manier om haar vrese te besweer is deur hom te haat. Wat die meulenaar anders maak as die dorpenaars, is dat hy kan lees en skryf. Hy skryf oor sy lewe, sy ontmoetings en sy drome. Dit is sy woorde, sy manier van praat oor die verlange wat die jong vrou aantrek. Natuurlik nie sonder nagevolge nie.”

Maar sodra jy jou sitplek in die pikdonker onder die wuifende dennebome ingeneem het, die stof van die omgewing in jou neusvleuels voel en die ligte uitdoof oor die bisarre “verhoog” wat uit ou kassies, laaie, halwe hangkaste en ’n ysterkatel gebou is, kom sit ’n effense ongemak op jou skouer. Besef jy die onskuldige woorde van jou feesgids kon jou nie voorberei vir die toneel voor jou nie.

Die storielyn is wel soos voorspel, maar dit herinner bietjie aan die styl van Roald Dahl – dis bisar en laat jou voel asof jy iewers iets gemis het. Maar jy hou aan kyk, want die boodskap is universeel. Jy sien in jou geestesoog die toneel op die Nederlandse platteland afspeel, want die meulenaar praat met ’n swaar Nederlandse aksent. Die boer en sy vrou gebruik metafore van die natuur om met mekaar te kommunikeer. Die kinderlike taal straal die indruk van onskuld uit.

Daar is hangkaste wat meel uitspoeg, die boer wat te veel by sy een merrie in die stalle kuier en die bynaam van Pony William kry. Daar is die boerin wat haar broekie uittrek en onder haar rok in ’n foto neem van haar akker. En die hele tyd is daar die sinspeling op boerdery-aktiwiteite soos akker ploeg en koring maal, wat dieper betekenisse het. Dit vertel van versugting na iets beters, iets anders.

Die meulenaar wat gehaat moet word, word die boerin se minnaar, want hy maak nuwe wêrelde vir haar oop met sy vermoë om dinge neer te skryf.

Dis die soort teater waarby ander regisseurs kan leer. Dis nie verhewe bo hul kykers nie, die tegniese versorging, die klank en die beligting is alles deel van ’n uitsonderlike 90 minute. Die akteurs verdien elkeen ’n toekenning vir hul foutlose, energieke vertonings.

Die teks is in 1995 deur die Skot, David Harrower as “Knives in Hens” geskryf en hy weef Skotse gebruike, soos die bruilofsritueel van die meulsteenrol, deur die teks.

Regisseur David Geysen het die produksie 12 jaar gelede in Berlyn gesien en besluit om eendag die regisseur daarvan te wees. Hy vertel dat hy heelwat uitstekende produksies op die Theatertreffen-fees gesien het, maar dat een produksie hom nie wou laat gaan nie. Die reinheid en naïwiteit het hom getref. In die rolverdeling is Nadia Amin, Hugo Maerten en Albert Pretorius. Albert is ook in ....*miskien* te sien. Die produksie speel tans in Den Haag en het net hul speelvak onderbreek vir die KKNK, voor hulle terugkeer en speel tot 29 Mei.

• MESSE in henne speel vandag om 19:30 en duur 90 minute. Kaartjies is R95.



**Die boerin en boer, Nadia Amin en Albert Pretorius, praat in metafore van die natuur.**
Foto’s: Clifford Roberts



**Die boerin, Nadia Amin en die meulenaar, Hugo Maerten, bedek in meel. Die storielyn herinner aan die styl van Roald Dahl – dis bisar en laat jou voel asof jy iewers iets gemis het.**


Say “Heita” to our flagship stores. They’re now open.

8•ta
powered by Telkom

**Canal Walk**
Shop 36, Canal Walk Shopping Centre, Century Boulevard, Century City, Cape Town, 021 555 8500

**Hemingways Mall**
Shop G32, Hemingways Mall, Cnr Western Avenue & Two Rivers Drive, East London, 043 711 7400

**Maponya Mall**
Shop 308, Maponya Mall, Old Potchefstroom Road, Soweto, Gauteng, 011 983 7900